HERDERLIKE BRIEF
VAN DIE 121 STE VERGADERING
VAN DIE RING VAN ALBANIE
AAN DIE NEGE GEMEENTES VAN DIE RING

Die 121 ste vergadering van die Ring van Albanie het op 1 September 2008 op die mooi Karoodorp Pearston plaasgevind. Ons was diep onder die indruk dat God se seën met ons was tydens die vergadering.

Opvallend was met watter diepte, eerlikheid en opregtheid gekyk is na elkeen van die nege gemeentes se visitasieverslae. Daar is ‘n werklike onderlinge belangstelling in mekaar, sodat gemeentes gehelp kan word om waar daar krisisse is, deur die krisis te groei na ‘n permanente oplossing tot heil van die Christus se kerk. Dit is verblydend om te hoor dat dit in die meeste van die Ringsgemeentes baie goed gaan.

Die leraars van die Ring maak ook tyd om jaarliks tydens ‘n predikanteretraite bymekaar te kom en mekaar op ‘n pastorale wyse te versorg en mekaar beter te leer ken. Die verhoudinge tussen die predikante van die Ring van Albanie is kerngesond en daar is geen sprake van enige wedywering of spanning nie. Inderdaad stel ons Ring se predikante ‘n voorbeeld van goeie kollegaskap.

Die afgelope twee jaar is die Ring deur ‘n intensiewe strategiese proses geplaas, waarvan ons nou begin om die vrugte te pluk.

In 2007 het ons die Ring se visie, doelstellings en strukture beplan, wat uitgeloop het op ons veelseggende Ringsembleem van die 9 bote (9 Ringsgemeentes) wat van tyd tot tyd, die hawe (die Ring van Albanie) binnevaar vir herstelwerk, proviand, bemoediging en bemagtiging. Die 9 bote (die 9 gemeentes) bly egter die primêre draers van die Evangelie in die streke waar God hul geplaas het.

In 2008 het ons begin met ringsprojekte, wat vanjaar in ‘n eksperimentele fase was. Sommige projekte, soos die Liturgiese Werkswinkel en die Transkei – Uitreik was ‘n groot sukses. Ander projekte (bv Diensjaarspan) het getoon, dat hulle aangepas moet word, alvorens hulle in die toekoms sal werk. Waarskynlik sal die jaar 2009 die jaar wees waarin al die punte bymekaar kom, sodat ons in die jare wat kom, as Ring getrou vir elke gemeente kan bystaan, bemoedig, en bemagtig.

Deur die A – Z Handleiding wil ons vir elke leraar in ons Ringsgebied bemagtig om sy of haar optimum kapasiteit te bereik, ten einde bedieningsvreugde te ervaar. Dit impliseer voortgesette teologiese opleiding en opskerping van bedieningsvaardighede. Die persoonlike geestelike sorg, is elke predikant se eie verantwoordelikheid, maar met die hulp van mentors en induksieprogramme en

gereëlde predikante retraites kan ons alle leraars help om vreugde te vind in die roeping waarin God hul geplaas het.

Die Ring van Albanie wil ook in 2009 dit ‘n gereëlde jaarlikse instelling maak om met die kerke in die NG Kerk familie kontak te maak, sodat ons mekaar beter kan leer ken en bewus kan word van mekaar se behoeftes. Dit kan weer lei tot samewerkingsooreenkomste, sodat die Evangelie vir alle mense toeganklik is. So ‘n jaarlike Konvent kan daartoe lei dat ons die Evangelie beter kan verkondig in die streek waar God ons geplaas het.

Die Ring is bewus dat lidmate baie moedeloosheid beleef en vorme van agteruitgang ervaar. Desnieteenstaande word elke lidmaat opgeroep om met ‘n lewende geloof en met opregte liefde, elke dag nuwe tekens van hoop op te rig. Ja, ons ringsgemeentes moet eilande van hoop word in die dorpe waar ons geplaas is. As kerk moet ons elke dag ons visie herontdek en ons fokus reg instel, sodat ons met betekenis en met hoop Kerk van Christus Jesus kan wees. Dan sal ons nuwe sin ontdek in dit wat ons elke dag as gelowiges moet doen in hierdie verwarde wêreld.

Ons is die draers van die sleutel (die gekruisigde en opgestane Christus Jesus) wat die toekoms oopsluit en nuwe hoop en sin bring. Elke Sondag bring ons die sleutel van “bevryding” van sonde aan ons gemeentes. Met elke begrafnisdiens sluit die sleutel van Christus die dood oop en bring die ewige lewe.

Mag elke leraar en elke gemeente in die Ring van Albanie inderdaad ‘n sleuteldraer van Christus wees, wat oopsluit, bevry, nuwe hoop en sin bring.

Mag die sleutel van Christus Jesus, klingel aan die sleutelhouer van elkeen van die 9 ringsgemeentes. Mag die Here die gemeentes, **Somerset – Oos, Glen Lynden, Albanie, Alexandria, Adelaide, Paterson, Pearston, Fort - Beaufort en Dias** seën met die keur van sy seëninge.

Die 121 vergadering van die Ring van Albanie (2008)
Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oos – Kaapland